ng overkruin

aanbid... gee om... bring hoop...

PROGRAM VIR DIE DAG: 16 JANUARIE 2022

09:00 **Erediens**: Ds. E. Sassenberg.
Teks: Jesaja 62:1-6.
Tema: In die hande van die Here.

18:00 **Erediens**: Ds. C. Randall.
Lofprysing.

Beginsels vir gesonde verhoudings

Tydens hierdie jaar se Toewydingsreeks gaan ons saam dink en saam gesels oor hoe ons beter en meer betekenisvolle verhoudings kan hê Ons gaan tydens die Toewydingsreeks stilstaan by 5 beginsels wat ons in verhoudings (soos byvoorbeeld vriendskap, huwelik, ouer-kind, kollegas by die werk ens.) kan toepas om in ons verhoudings te groei. Jy is welkom om of in-persoon, of via YouTube aan die reeks deel te neem.

23 Januarie 09:00 Beginsel 1 – Koester verhoudings.
23 Januarie 18:00 Beginsel 2 – Kommunikasie tel.
24 Januarie 19:00 Beginsel 3 – Moenie judge nie.
25 Januarie 19:00 Beginsel 4 – Dien ander.
26 Januarie 19:00 Beginsel 5 – Dit gaan nie oor my nie, maar dit gaan tog oor my...

Ek sien uit na ons saam wees.

Kategese

Ons sien uit om te begin met die kategese die jaar! Registrasies: Sien bl 2. Indien daar enige iemand is wat belangstel om deel te word van die Junior en Senior kategete span skakel asb vir Ds. Elané Sassenberg, 072 974 1864.

U VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE: ONGESTELDES

Helmut Bahlmann. 079 197 8989. Herstel tuis na operasie.

Burger van Heerden. 083 357 6905 (Elsa). Herstel tuis.

Watjie Botha. 079 470 3682. In Unitas Hospitaal. Intensief.

SENIORBEDIENING

Baie geluk aan die volgende senior lidmate met hulle verjaarsdae. 'n Geseënde jaar word hulle toegebid.

Tannie Elsa Gagiono. 083 558 7681. Sy word Dinsdag 84.

Tannie Diana van Wamelen. 012 567 4026. Sy word Saterdag dag 83.

Tannie Ria Welthagen. 072 127 3211. Sy word Saterdag 84.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Ons moet God vind, en Hy kan nie in geraas of rusteloosheid gevind word nie. God is die vriend van stilte. Kyk na die natuur - bome, blomme, gras - dit groei alles in stilte; kyk na die sterre, maan en die son, hoe hulle in stilte beweeg.
Hoe meer ons in stil gebed ontvang, hoe meer kan ons in ons aktiewe lewe gee.
Ons het stilte nodig om siele te te kan aanraak. Wat óns sê, is nie van soveel belang as wat God aan ons en deur ons sê nie.
Al ons woorde sal nutteloos wees, tensy hulle van binne kom; woorde wat nie die lig van Christus verskaf nie, laat die duisternis vermeerder. 604
Moeder Teresa

DANKOFFERSTELSEL

Lidmate kan hulle dankoffer- of enige ander bydrae op enige van die volgende maniere doen:

- Debietorder
- Aftrekorder (stuur epos na: finansies@ngoverkruin.org.za)
- Direkte inbetalings
- Snapscan (sien foto hieronder)

Snap here to pay

getsnapscan.com

Bankbesonderhede:
ABSA: NG Overkruin
Rek: 5260 142 552
Tak: 632 005
Verw: bv. Dankoffer

PROGRAM VIR DIE WEEK

WOENSDAG 19 JANUARIE 2022

09.00 **Bybelstudie**. Ds. C. Randall. Kapel.
10:15 **Besoekgroep**. SVB. Kapel.

DONDERDAG 20 JANUARIE 2022

09.00 **Bybelstudie**. Dr. P. Moolman. Kapel.
09.00 **Bybelstudie**. Ds. P. Conradie. Konsistorie.
10:15 **Aksiekomitee**. SVB. Kapel.

SONDAG 23 JANUARIE 2022

09:00 **Erediens**. Ds. C. Randall.
Toewydingsreeks.
Doop. Dr. P. Moolman.
10:00 **Kategeseregistrasie**. Gr. 1 - 6. Saal.
18:00 **Erediens**. Ds. C. Randall
Toewydingsreeks.
19:00 **Kategeseregistrasie**. Gr. 7 - 11. Saal.

ANDER SAKE VAN BELANG

Voorbidding. Carien Liebenberg, 083 319 9636 / clieb49@gmail.com

Preke is beskikbaar op ons gemeente se Youtube kanaal by: https://www.youtube.com/channel/UCad_WFJ-zDe9cdTJHQ1s2yQ U is baie welkom om gerus daar te gaan loer en ook na vorige preke te gaan kyk/luister.

Ons herinner u aan ons **motorwagte** se kassies by die deure. Die motorwagte is slegs tydens die oggenddiens aan diens.

NUWE LIDMATE

Ons vertrou dat u in Overkruin gelukkig gaan wees en dat u die Here hier geesdriftig sal dien!

Belydende lidmate: **Johan** en **Adri Harmse** van NG Gemeente Wonder-boompoort

UITREIKAKSIES

Vir enige navrae in verband met onderstaande uitreikprojekte, kan u gerus Dennis Wagner by 083 462 2329 of Marleen Büre by 084 069 9880 skakel.

UITREIKPROJEKTE:

Wolmer: Marleen Büre, 084 069 9880. Benodig wol vir brei van kindertruie, afvalwol is ook welkom asook niebederfbare voedsel.

Magaretha Ackerman-tehuis: Dennis Wagner, 083 462 2329. Toiletware en volwasse doeke vir mans en dames.

Noodspens: Kerkkantoor 012 567 2177.

CMR Daspoort: Rita Viljoen, 012 567 2464. Klere. Alle ouderdomme. Niebederfbare voedsel.

CMR Wonderboom: Arina Jordaan, 012 567 4551.

Jan Niemandpark: Dennis Wagner, 083 462 2329. Niebederfbare voedsel.

Sopkombuis/hoërskool kinders: Ralie Bezuidenhout, 079 279 4005. Smeergoed vir toebroodjies.

Jakaranda Kinderhuis: Hendrik Oosthuizen, 012 567 2030 of Nettie Wagner, 083 276 7550.

Mosambiek-klerebank: Nédine Hitchcock, 074 483 4970. Klere.

Lees- en skryfklas: Nettie Wagner 083 276 7550. Tydelik opgekort as gevolg van Covid.

PADKAFEE

Kom koop en geniet jou aandete by ons eerste Padkafee van 2022. Op die spyskaart is daar hamburgers, boereworsrolle en pannekoek. Heerlike koek-sisters sal ook te koop wees. Kos sal te koop wees vanaf 17:00 op Vrydag 28 Januarie 2022.

STEEDS DONKIE

Sedert Maart 2019 het Frank Opperman die land vol getoer met sy eenmanvertoning DONKIE geskryf deur Dana Snyman. Tydens die Aardklop Kunstefees in 2019 was meer as 2 000 kaartjies verkoop. Frank was ook reeds bespreek om by NG Overkruin met hierdie stuk op te tree op 17 April 2020. En toe gebeur COVID-19 en vir meer as ‘n jaar was geen optredes moontlik nie. Alles het weens COVID-19 verander en DONKIE is aangepas en staan nou bekend as STEEDS DONKIE.

Frank Opperman vertolk die rol van skoolhoof mnr. Barry Swart, by die leerlinge beter bekend as Donkie. Mnr. Swart is die hoof van Hoërskool Hans Oosthuizen en voel ten spyte van sy goeie bedoelings “suf geslaan en uitgeput”.

Die stuk skop af met Maandagoggend se saalopening. Dit is na die inperkings van die Covid-19-pandemie en niemand het die lus en ywer om die wa deur die “parasietbesette” drif te trek nie. Almal moet maskers dra. Leerlinge se akademiese prestasie het sedert die inperking drasties gedaal. Mnr. Swart besef dat ‘n hele aantal leerlinge nie die einde van die jaar gaan slaag nie. Onderwysers se moed lê laag en die Beheerliggaam is glad nie beïndruk met sy hantering van die *Black Lives Matter* nie. Daar is 100 eksemplare van die skool se herdenkingsboek gedruk maar niemand wil dit lees nie. Boonop het hy probleme met sy huwelik.

STEEDS DONKIE is ‘n produksie met soveel humor, fyn waarneming, subtiele kommentaar en absolute deernis aangebied deur een van Suid-Afrika se beste akteurs.

MAAK SEKER JY DAGBOEK 11 MAART 2022 EN KOM ERVAAR HIERDIE BEKROONDE EN GEWILDE AKTEUR IN LEWENDE LYWE BY NG OVERKRUIN.

Kaartjies is by die kerkkantoor beskikbaar @ R110 vir volwassenes en R60 vir kinders. As gevolg van Covid-19 beperkings kan ongelukkig slegs 500 persone geakkommodeer word.
MENSE WAT REEDS KAARTJIES DESTYDS VIR “DONKIE” GEKOOP HET , GEBRUIK ASSEBLIEF DIESELFDE KAARTJIE.

FRANK OPPERMAN

Frank Opperman het feitlik geen bekendstelling nodig nie. Sedert sy vertolking van OUBOET in die TV-reeks ORKNEY SNORK NIE het sy naam, in sy eie woorde, verander na Ouboet van Tonder en het hy volksbesit geword. Meer onlangs was hy te sien in die eenmanvertoning DIE TREURMARES VAN DS. TIENIE BENADE en die vollengte film DS. TIENIE waarvan die premiere by NG Overkruin plaasgevind het. Hy vertolk tans die ‘n meesterlike rol as oupa Lourens Adendorff in die TV drama NERENS: NOORD KAAP.

Sy kunstenaarsloopbaan strek oor ‘n tydperk van meer as 40 jaar. Van sy meer bekende optredes en produksies was: Boetie gaan Border toe en TV-reekse Pandjieswinkelstories.

Die uwe Pottie Potgieter, Ouboet en Wors, *The Big Time*, Die Munisipaliteit van Gwarra, ens. Frank is ook ‘n danser van formaat en het gevorder tot in episode 10 van *Dancing with the Stars.*

BEROEPSBRIEF

Die beroepsbrief is aan ds. Willem Rothmann die 10de Januarie gestuur. Ingevolge die bepalings van die Kerkord moet ds. Rothmann binne 14 dae amptelik op die beroep antwoord of uitstel vra. Bly asb saam met ons bid vir ons beroepsproses.

Die Kwêvoël

1. NG Gemeente Overkruin is nie **aanspreeklik** vir 'n diens of produk wat geadverteer word nie.
2. **Geen advertensie** kan namens 'n ander persoon of instansie geplaas word nie.
3. **Alle advertensies** moet die kerkkantoor voor Woensdag om 10:00 bereik (Dinsdag as Vrydag 'n vakansiedag is).
4. **Advertensies word beperk tot 30 woorde**. Faks en/of e-pos word aanvaar indien bewys van betaling daarby aangeheg is.
5. **Berekening van kostes (Per plasing)**.
   Minder as tien woorde = R15.
   Elf-twintig woorde = R20.
   Twintig-dertig woorde = R25.
   Bankbesonderhede: ABSA: NG Overkruin, 5260 142 552, Tak: 632 005. Verw: Kwêvoël.

Beddens en matrasse. *Cloud 9* en *Rest Assured*-reeks teen beste pryse. Gratis aflewering in Noordelike Pretoria. Faan, 082 469 0804.

JD Fridges. Herstel alle stowe, wasmasjiene, mikrogolfoonde, yskaste, ens. Dewald, 083 692 6752. Ons haal en lewer af.

Kunsgalery Jacobs en Uys, Braam Pretoriusstraat 120. Skilderye deur verskeie S.A. kunstenaars. Per afspraak, 012 543 1418.

Stress Away Verkoelings. Herstel van wasmasjiene, stowe, ys- en vrieskaste, tuimeldroërs of mikrogolfoonde. Billike pryse. Gratis vervoer by aanvaarding van kwotasie. Douw, 061 419 0739 / 012 377 0340.

Te koop. Wilds pasteie R12 elk. Kontak Michelle, 074 206 4228 / Kevin, 084 023 3947.

Maryna se Kontreikombuis. Daagliks, varsgekookte BOERE-KOS. Wegneem Sondagmid-dagetes. Spyseniering vir alle funksies en BEGRAFNISSE! Maryna, 082 451 7842. info@diekontreikombuis.co.za

Algemene meubelvervoer en langafstand. Bokse & verpakkingsmateriaal te koop. Kassie, 086 111 1129, 082 454 8159, 012 524 3111.

Franco's building and renovation Projects. Vir al u bou-, opknappings- en opgraderingsbehoeftes, jou eenstop *shop*. Franco, 082 257 8601 / www.fscon.co.za

Huishulp Johanna, beskikbaar vir stukwerk. Betroubaar, fluks, vriendelik. Carina, 082 458 0640.

Te koop. Gemsbok wors / gemsbok kaas wors 1kg pakke R60 elk. Gemsbok en rooibok nek 500g pakke R40 elk. Kontak Michelle 074 206 4228 / Kevin 084 023 3947.

Vakansiewoonstel. See-uitsig, goed toegerus, veilige onderdakparkering, billike tariewe binne en buite skoolvakansies. 012 567 3933 / 082 390 9465 / lettiefour@gmail.com

O/Zero Treefelling. Boomslopings en snoei. Gratis kwotasies/versekering. Ernst, 083 656 4992. www.treecarepta.co.za

Te koop. Blouwildebeesdroëwors. R100/kg 250g pakkies. R25 elk. Michelle, 074 206 4228 .

Namibiese houtskool 5 kg-sakke vanaf R38,00. Aanstekers R12,00. 012 543 1001 / 083 227 0025.

Huis– en troeteldiersitter. Teen 'n billike tarief. Kontak Marina Jordaan, 03 282 8467.

Te koop. Gemsbok en Rooibok biltong vleis klaar gespice 1kg pakke R80 elk. Kontak Michelle, 074 206 4228 / Kevin, 084 023 3947.

Te koop. Gemarineerde gemsbok ribs 1.5kg pakke R120 elk. Gemarineerde gemsbok sosaties 4 per pakkie R50 elk. Kontak Michelle, 074 206 4228 / Kevin, 084 023 3947.

Verblyf word benodig vir jong man. Besig is met vlieërsopleiding te Wonderboom Lughawe. 1 slpk & parkering. Slegs vir spesifieke dae per week vanaf 17 Januarie tot middel Maart. 082 801 2819.

EKOLOGIE: Ons verantwoordelikheid

Herwinningsfasiliteite: Ons het herwinningshouers vir afvalmateriaal. Plakkers en inligtingsbordjies is op die muur en houers aangebring. Houers en inligtingsbordjies is deur gemeenetelede geborg.

Spekboomkwekery: Bome beskikbaar teen R50,00. Bestellings kan geplaas word by Koos of Anél, 082 459 1474.

Hergebruik: Wat ons nie kan herwin nie, wil ons graag hergebruik. Gee jou voorstelle vir hergebruik van verpakking in by die kerkkantoor – ons wil graag jou kennis deel.

Volledige inligting beskikbaar op die Ekologie kennisgewing-